basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – VERPLIGTE vraag

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN C (DRAMA)**

   - Beantwoord **SLEGS** die vrae oor die roman en drama wat jy in die klas gedoen het.
   - Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die literêre opstel in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die literêre opstel in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die literêre opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die literêre opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

Kopiereg voorbehou 

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.



| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A: GEDIGTE**<br><br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. 'n tipe epistemologie van water | Literêre opstel | 10 | 6 |
| | **OF** | | |
| 2. Sonsverduistering | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| | **OF** | | |
| 3. Die skedel lag al huil die gesig | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| | **OF** | | |
| 4. staat | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| | **EN** | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. Groet | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Literêre opstel | 25 | 11 |
| | **OF** | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| | | | |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Literêre opstel | 25 | 14 |
| | **OF** | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| | | | |
| 10. *Vatmaar* | Literêre opstel | 25 | 16 |
| | **OF** | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Literêre opstel | 25 | 19 |
| | **OF** | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 14. *Mis* | Literêre opstel | 25 | 22 |
| | **OF** | | |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |



***LET WEL:** Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Literêre opstel of kontekstuele vraag) | 6–11 | 1 | |
| C: Drama<br>(Literêre opstel of kontekstuele vraag) | 12–15 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**’n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

Die hemel was somber suf van die gietende reën
skeef gearseer, gebuig deur windstrome ...
Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit bliksemskigte
wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie
geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die dieptes ...
dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
gevlug het met kind en kraai. En die landerye
onder water se brandertoppe was besaai van tafels,
katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
kateders, kroegtoonbanke en ’n flottielje vlotte
saamgeflans in nood en vrees vir die dood
(so glibberig, so log), waarop ’n norring vare en moere met kroos
kon hurk terwyl hulle arpeggio’s eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol
laat rol laat rol het ... tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, ’n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer ...

[Uit: *Die ongedanste dans – Gevangenisgedigte 1975–1983*, 2005]

In “’n tipe epistemologie van water” word ’n vloed beskryf.

Bespreek hierdie stelling in ’n literêre opstel van 250–300 woorde en verwys in jou antwoord na die titel wat by die gediginhoud aansluit, die atmosfeer wat in die gedig heers en hoe die woordgebruik in die gedig tot die beskrywing van die vloed bydra. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Sonsverduistering – PJ Philander**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
’n koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
’n vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang ’n skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister Sy pad onsigbaar is.
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie ’n skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Uit: *Uurglas*, 1955]

2.1 Benoem die klankeffekte wat in versreël 1–4 voorkom. (3)

2.2 Haal ’n woord uit reël 3 aan wat by die somber stemming wat in die gedig heers, pas. (1)

2.3 Die woordkeuse *swingel* (versreël 7) word gepas in die gedig gebruik. Motiveer hierdie stelling. (1)

2.4 Benoem die stylfiguur in versreël 8. Haal die woord uit reël 1 aan wat met dié stylfiguur kontrasteer. (2)

2.5 Op watter wyse verskil die dier se optrede tydens gevaar van dié van die mens in die gedig? (2)

2.6 Stem jy saam dat daar ook sonsverduisteringe in die mens se lewe kan voorkom? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die skedel lag al huil die gesig – Wilma Stockenström**

Eendag sal ek, weet ek, die dood
met laggende skedel trotseer. Minstens
my sin vir humor sal ek behou. Maar
of ek soos oorlee mevrou Ples en soos
die bloubok van my geboorteland
ook ’n glaskas in ’n museum sal haal?
’n Seldsame dier is die mens nou nie juis.

Tog, hoe slim tog is ons met ons
innerlike uurwerkvernuf, hoe sterk
die groot swaaiende hyskraangebare
waarmee ons wolkekrabbers reghoekig
neerplak in woon- en sakekomplekse.
Merkwaardig ons grabbelende navorsing
dwarsdeur dolomiet om ons arms diep
soos skagte te sink en die grys erts
te gryp en op te trek, te vergruis en te
veredel tot staaf op staaf korfagtig
gepakte kluise van belegging. A ja,
wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand
tot vuurstof te verryk wat as ons wou
alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing
woes skoon kan laat ontbrand.

Ek sê mos die skedel lag
al huil en huil die gesig.

[Uit: *Van vergetelheid en van glans*, 1976]

3.1 Waarna verwys die spreker met die gebruik van *skedel* in die titel? (1)

3.2 Haal ’n woord uit strofe 1 aan wat op sekerheid dui. (1)

3.3 Benoem die beeldspraak in versreël 10 en skryf die beeld waarby dit in strofe 2 aansluit, neer. (2)

3.4 Hoe verskil die houding van die spreker in versreël 13–18 van die houding in versreël 18–22? Motiveer uit versreël 18–22 dat hierdie veranderde houding regverdig is. (3)

3.5 Watter funksie verrig die herhaling van die titel in die slotstrofe? (1)

3.6 Watter mening huldig die spreker omtrent die mens? Stem jy saam met die spreker se siening oor mense? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**staat – Niel van Tonder**

jare nou al
sit roerloos wit
’n krap in ’n gaterige wal

roer ’n steeltjiesoog
met tye
waaksaam omhoog

niemand sal ooit
met sekerheid kan sê
of ’n droë dood ook in hom lê

maar wanneer en hoé
het die swart mierbataljon
dié parate pantser binnegekom?

[Uit: *As Hy weer kom*, 1975]

4.1 Wat word die driereëlige strofes genoem? (1)

4.2 Herlees die titel.

4.2.1 Waarna verwys die titel? (1)

4.2.2 Waaraan word die *staat* metafories gelykgestel? Dink jy dat die metafoor doeltreffend in die gedig aangewend word? Motiveer jou antwoord. (2)

4.3 Gee redes waarom versreël 4–6 en versreël 10–12 in vergelyking met die res van die gedig ironies is en haal ’n frase uit reël 10–12 aan wat by dié ironie aansluit. (3)

4.4 Gee EEN bewys dat hierdie gedig ’n vrye vers is. (1)

4.5 Watter waarskuwing word in die gedig geïmpliseer? Sê waarom jy dink dat hierdie waarskuwing ter harte geneem moet word. (2)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Groet – Carol Clarke**

Dit is ons beurt,
die veearts wink.
Hadidas roep rou
anderkant die glas
van die wagkamer.

Ons maak jou halsband los,
ek haal dit af.
Hy neem sy spuit ...

Waarom
draai jy na my?

Gaan. Gaan dan!
Loop soek die haas,
die tarentaal
wat in die newel spook;

dié keer
moet jy alleen
die ruigtes in.

[Uit: *Woordreise*]

5.1 Hoe skakel die titel met die inhoud van die gedig? (1)

5.2 Herlees reël 3.

Benoem die halfrym. Hoe beïnvloed die halfrym die stemming van die gedig? (2)

5.3 Hoe word die traagheid om afskeid te neem in strofe 2 visueel voorgestel? (1)

5.4 Lewer kommentaar op die gebruik van die beletselteken in strofe 2. (1)

5.5 Wat noem ons 'n strofe wat uit 2 versreëls bestaan en wat wil die digter met hierdie kort strofe bereik? (2)

5.6 Wat verklap die herhaling in reël 11 van die spreker se gemoedstoestand? (1)

5.7 Hoe versag die spreker die afskeid? (1)

5.8 Waarom kan hierdie gedig simpatie by die leser wek? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Iris gaan op reis en gedurende die reis kom sy tot sekere insigte oor haar lewe.

Bespreek hierdie stelling in ’n literêre opstel van 400–450 woorde en verwys in jou bespreking na die wyse waarop die redes vir haar reis en die reis na Parys en Amerika bydra tot die insig wat sy oor haarself as ’n selfstandige, jong vrou verwerf. **[25]**

**OF**

### VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

“Ek gaan nie in jou pad staan nie. Iris. As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie, moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe.”

Ek het my trane gesluk. “Vermont? Waarom skielik Vermont?”

“Omdat ek nie my kosbare Kersvakansie hier gaan deurbring as jy nie by is nie. Ek het vriende wat ’n huis het in Vermont en hulle het ons genooi om saam te kom, maar ek het nie geweet of jy dit sal wil doen nie, dus het ek bedank.”

“Sien jy?” het die Engel gesê. “Jou dom aap.”

“Wat doen ’n mens daar?” het ek gevra.

“Jy sit en kyk hoe die sneeu val terwyl jy die kaggel opstook.”

Ek het aan my voorvingernael gekou. “Ek kan dalk baie geld maak.”

“Om wat mee te doen? En wat van jou groen kaart? Daarsonder mag jy nie werk nie.”

“Joe het nie gereken dis ’n probleem nie.”

“Joe se ...”

Ek het gehoop die Engel luister nie. Alhoewel sy taalge-

bruik ook nie altyd was wat ek van hemelse belastingbetalers verwag het nie. "Ek dink nie ons moet so voor die man baklei nie," het ek vroom gesê. "Ons kan later weer daaroor praat."

Hy het vir 'n blok of twee nie gepraat nie. "Ek is nie meer 'n snuiter nie," het hy oplaas gesê. "Ek kan nie onbepaald sit en wag dat jy tot jou sinne kom nie."

7.1 Watter ultimatum stel Peter aan Iris? (1)

7.2 Wat is ironies aan Peter se woorde: "*Ek gaan nie in jou pad staan nie"* (reël 1–2)? (1)

7.3 Herlees reël 1–3.

Watter optrede van Peter maak hóm juis 'n boelie en vir wie sien Peter as 'n boelie? Motiveer of Peter regverdig opgetree het. (3)

7.4 *blom onder ateljeeligte* (reël 2)

Verwoord die tema van die roman na aanleiding van dié aanhaling. (1)

7.5 Iris heg verskillende betekenisse aan haar naam.

Watter betekenis van haar naam is in Teks 1 ter sprake? (1)

7.6 Watter karaktereienskap openbaar Peter in reël 5–8? (1)

7.7 Herlees reël 13–14.

Vergelyk die verromantisering van die vakansie in Vermont met die werklikheid wat Iris daar ondervind het. (2)

7.8 Herlees reël 20.

Watter karaktereienskap van Peter word deur die ellips uitgehef? (1)

7.9 Hoekom verwys die Engel na Iris as 'n *dom aap* (reël 11) en sy na hom as 'n *hemelse belastingbetaler* (reël 22)? (2)

7.10 Dink jy dit is regverdig van Peter om Iris se blomtyd van haar weg te neem? Motiveer jou antwoord met 'n voorbeeld uit die roman. (1)

7.11 Wat dink jy sien Peter as sy blomtyd? (1)

7.12 Watter implisiete boodskap lê opgesluit in die woorde van Peter: *"Ek kan nie onbepaald sit en wag dat jy tot jou sinne kom nie"* (reël 26–27)? (1)

**EN**

**TEKS 2**

“Tja,” het die Engel gesug. “Die lewe is nie ’n storieboek nie.”

“En ’n naam is net ’n naam.”

“Is so,” het hy saamgestem.

Die rooi kat het oor sy skouer na ons gekyk, maar toe hy my oog vang, het hy vinnig weggekyk en sy neus weer teen die muur gedruk.

“Net voor jy gaan,” het ek gesê. “Ek wil jou vertel van ’n lelie in my ma se tuin. Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar ’n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen. En toe, een laatmiddag, speel ek met Polder en uit die hoek van my oog sien ek ’n beweging, iets wits tussen die groen. ’n Blom het oopgegaan. Nie stadig nie, oombliklik. Ek het na my horlosie gekyk en gesien dit was kwart voor sewe. Die volgende oggend was die fyn wit blom verlep, maar daar was nog heelparty knoppe aan die stingel. Daardie aand het ek van sesuur af na die plant gestaan en kyk al het Johanna geroep ek moet kom help met die slaai. Een van die knoppe het dikker geword, uitgebult aan die kant en presies kwart voor sewe het die blom oopgemaak. As ek my oë sou geknip het, het ek dit gemis, so vinnig het dit gebeur. En die soetste geur.

7.13 In die roman maak Iris met die Engel kontak en gesels ook met hom.

Dink jy dit was moontlik dat Iris werklik met die Engel kon kontak maak en gesels? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

7.14 Verduidelik met DRIE redes waarom die motto, *Angels can fly because they take themselves lightly,* juis op Iris van toepassing is. (3)

7.15 Wat is die ooreenkoms tussen die plant in die hoek van die tuin en Iris? (2)

7.16 Haal ’n sin uit die teks aan wat bevestig dat ’n mens se blomtyd kan plaasvind sonder dat jy dit eers agterkom. (1)

7.17 In reël 17–18 van Teks 1 is Iris van mening dat die modelwerk haar blomgeleentheid kan wees.

Hoe verskil dié siening van reël 15–16 van Teks 2? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Baas besef dat *Houtboschberg se drome nie meer drome wil wees nie* en hy besluit om na Manaka te gaan.

Bespreek hierdie stelling in ’n literêre opstel van 400–450 woorde en verwys na die rol wat Baas se oupagrootjie in sy lewe speel en hoe die drome van sy jeugjare uiteindelik vervul word. **[25]**

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

### TEKS 1

“Ek verstaan jy weet dalk ook iets van die man wat Manaka begin het,” sê Baas langs die stutblok verby onder die Land Rover in. Noudat hy regop sit, is die naarheid weg.

“O, die ou buffeljagter? Ja, hy was my oupagrootjie. Hy was ’n Kanadees. Jy het nie dalk vir ’n man so ’n ietsie sterkers as koffie nie?”

Baas is lank stil. Die suising in sy kop is terug. Hy weet dit het niks met malaria te doen nie.

“Ek sal self kan doen met ietsie sterkers,” sê hy. “Ongelukkig is hier niks.”

... “Interessante ou man gewees daardie,” kom Whitey se sleperige stem tussen die geklingel van die moersleutel onder die Land Rover uit. “Het jy geweet dis hy wat die kanaal ontwerp het hier onder by Sioma?”

Twelve o’clock Canal, het die khuta gesê. “Ek weet nie veel van die kanaal af nie,” sê Baas.

“Min mense weet vandag nog daarvan. Volgens die stories wat so deur die geslagte gekom het, het dié oupagrootjie van my ’n lekker mal streep in hom gehad. Hy wou ’n boot bou om die Zambezi te tem, van die Victoriawaterval af tot bo in Zaïre, toe nog die Kongo, by die rivier se oorsprong. Al probleem was die Ngonyewaterval by Sioma. Toe ontwerp hy ’n kanaal óm die waterval en oorreed daardie beroemde koning van die Barotses, litunga Lewanika, om die kanaal te laat bou.

...

“Sê my, op watter manier ... was die ou man jou oupagrootjie?”

9.1 Wat is die rede vir Baas se naarheid? (1)

9.2 Herlees reël 8–9.

Wat veroorsaak die suising in Baas se kop en watter emosie sou jy ervaar as jy tot dieselfde besef as Baas kom? (2)

9.3 In hierdie teks is daar EEN ooreenkoms tussen Baas se drome en sy oupagrootjie se drome.

Wat is die ooreenkoms tussen Baas en sy oupagrootjie se drome en hoe verskil dit van mekaar? (3)

9.4 Herlees reël 27.

Wat is die funksie van die ellips in hierdie reël? Sou jy die gebruik daarvan as geslaagd beskou? (2)

9.5 Watter voorspelling vir die ontwikkeling van die karakter Baas lê in die volgende woorde van Whitey opgesluit: ... *bloedlyn van sendelinge*? (1)

9.6 Stem jy saam dat die Zambezi-rivier 'n belangrike rol in Baas se lewe gespeel het? Motiveer jou antwoord deur na TWEE aspekte uit die roman te verwys. (2)

**EN**

**TEKS 2**

"Agtponder." Whitey gaan sit op die groen trommel. Baas se oë dwaal verby die man in die blou oorpak na die portret teen die muur.

Hy sak op die bed neer. "Ek gooi maar vir my ook 'n dop, wat," sê hy toe hy uiteindelik opstaan. Hy skink en lig die agtponder.

"'n Hele troppie buffels wat hy platgeskiet het ... En 'n hele paar olifante ook wat oupagrootjie daarmee grond toe gebring het ..."

"Ja, jy raai reg. Dit was my oupagrootjie se geweer," sê Whitey."Ek dink toe ek sal jou maar kom wys. Ons het so baie oor die ou man gepraat. En nou hoor ek Daaimon is afgesit."

"Dit is wat ons ook gehoor het."

"Mense soos jy, Baas, ek ook, for that matter, ek wonder baie oor ons." Whitey vat 'n sluk uit sy beker. "En my oupagrootjie. Dit tickle my. Sou hy 'n Christen gewees het voor hy Afrika toe gekom het, dink jy? Of het hy hier in Barotseland een kom word? Dis 'n wêreld hierdie wat 'n mens maklik 'n Christen kan laat word."

"Jy praat nou diep dinge, Whitey. Vra my hoe om 'n boot reg te maak of 'n buffel se spoor te vat. Dis goed waarvan ek weet." Baas se oë is terug by die portret.

"Iets waaroor ek die laaste tyd wonder, is of my oupagrootjie ooit die skoenlapper gevang het wat hy gesoek het."

"Wat sou hy met 'n skoenlapper wou maak, wonder ek."

9.7 Herlees reël 8.

Watter droom het Baas se oupagrootjie, ou Dennis Chipman, nie verwesenlik nie? Noem 'n ander droom wat hy wel verwesenlik het. (2)

9.8 Noem DRIE voorbeelde hoe Baas (gebore 1952) na die bevolking van Barotseland uitgereik het. (3)

9.9 Watter rol speel buffels in Baas en sy oupagrootjie se lewe? Wat is die simboliese betekenis daarvan en hoe ondersteun Baas (gebore 1952) se optrede hierdie simboliek? Watter rol speel buffels in die intrige? (4)

9.10 Herlees reël 15–20.

Met watter vraag worstel Baas dwarsdeur die roman? (1)

9.11 In Teks 1 en Teks 2 word na Baas se oupagrootjie verwys.

Hoe verskil Baas en sy oupagrootjie se planne met Manaka? (2)

9.12 Stem jy saam met die siening dat Baas (die agterkleinseun van Dennis Chipman) die hoofkarakter in dié roman is? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

In die roman ontwikkel tant Wonnie tot 'n sterk, onafhanklike vrou.

Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van 400–450 woorde en verwys in jou bespreking na die wyse waarop die omstandighede by die De Bruins op Vatmaar en die hofsaak tot tant Wonnie se ontwikkeling bygedra het. **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

### *VATMAAR* – AHM Scholtz

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

### TEKS 1

> En toe vertel Suzan haar ma hoe Nellie altyd vir Mister Tommy Lewis kom kuier het as dit die dag vakansie is en die winkel waar hy werk vir die dag toe is. Party Sondae het sy ook kom kuier en dan het hy haar 'n rooi boek gegee om saam met haar te vat as hy haar 'n lift agterop sy bicycle terug Du Toitspan toe gee.
>
> Suzan het vertel hoe Nellie met haar kom gesels het wanneer sy onder Oom Chai se peperboom vir hom sit en wag het om te hoor wat sy moet doen. Sy kon sien Nellie is baie trots daarop dat sy Mister Tommy Lewis ken.
>
> Ma-Ma, Ma-Ma weet mos hoe dié mense maak oor hulle dink hulle is beter as ons. 'n Ruk terug het ek een Sondagmiddag by Teacher Elsa-hulle se huis verbygeloop. Toe hoor ek hoe skree Teacher Elsa vir Tommy: That black … thinks that she is my equal, and you telling me to call her by her name! She is becoming too friendly with you, the black …!
>
> Ek kon nie verstaan hoekom sy Nellie so uitskel nie, Ma-Ma, sê Suzan. Maar toe vra Nellie my twee Sondae terug om saam met haar tot by die halfway-house te loop.

11.1 Die storie van Vatmaar word deur verskillende vertellers vertel. Hoekom is hierdie vertelwyse so geslaagd? (1)

11.2 Hoe het Nellie vir Tommy ontmoet? (1)

11.3 Herlees reël 8–9.

Waarom was Nellie trots daarop om Tommy te ken? Wat is die ironie wat hierin opgesluit is? (2)

11.4 Herlees reël 13–14.

Watter ingesteldheid van Elsa blyk duidelik uit hierdie woorde? Watter woorde van Tommy by die *halfway-house* sluit hierby aan? Bring die titel met Tommy se woorde in verband. (3)

11.5 Watter plan het Tommy later voorgestel en watter gevolge het dit vir sowel Nellie as Lukas ingehou? (3)

11.6 Motiveer waarom die woorde *thinks that she is my equal* (reël 13) doeltreffend is om die tema aan die lesers oor te dra en motiveer waarom jy met hierdie woorde saamstem of nie. (2)

**EN**

**TEKS 2**

... Ek was Norman en ek het haar Ma genoem. Die son was aan die sak toe sy my weer ’n bord pap bring, dié keer met ’n eier en ’n jamblik vol water by. Sy het op ’n kissie by die tafel gaan sit en na my gekyk en gesê: Jy moet nie lieg nie en as jy wil gaan, is jy vry om te loop. Jou baadjie is nog nat maar môre sal hy droog wees. Ek gaan hom inbring want anderster vreet die bokke hom môre-oggend op.

Sy het haar bed ook op die vloer gemaak, op ’n vel. Toe het sy op haar knieë gegaan.

En weet jy wat gebeur toe, Heinrich? Sy sê die Onse Vader in Engels op. Ek het langs haar gaan kniel en my hande gevou. Ek het saam met haar gesê: Amen, want ek het geweet daar is altyd ’n Amen aan die einde van ’n gebed. Ek kon die moederlike warmte uit haar voel kom. Ek is terug na my hoek toe met die kombers. Ek het nie gedink nie en ook nie geslaap nie. Maar klein vannag het dit baie koud geword. Toe gooi ek die kombers oor my nuwe ma want ek kon in die maanskyn sien hoe sy onder haar een kombers lê en bewe, en ek kruip agter haar rug in.

11.7 In dié uittreksel ondergaan Norman van der Westhuizen ’n houdingsverandering met betrekking tot swart mense.

Hoe het sy houding verander? (2)

11.8 Watter oorlog het Norman wees gelaat en op watter wyse is Ma Khumalo deur dieselfde oorlog geraak? Hoekom is Norman se latere deelname aan die Eerste Wêreldoorlog ironies? (3)

11.9 Norman White spreek sy seun, Bob, oor sy optrede teenoor Norman van der Westhuizen aan.

Noem die TWEE verkeerde optredes van Bob White en noem by elkeen hoe Bob veronderstel was om op te tree. (4)

11.10 Herlees reël 15–17.

Hoe beïnvloed Norman se agtergrond sy optrede en watter emosie ervaar Norman? (2)

11.11 Norman tree op ’n sekere wyse teenoor Ma Khumalo op. In Teks 1 is daar ’n karakter wie se optrede met dié van Norman kontrasteer.

Wie is die karakter in Teks 1 en teenoor wie tree hy anders as Norman teenoor Ma Khumalo op? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Die inwoners van die Kaapse Vlakte is letterlik en figuurlik tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.

Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van 400–450 woorde en verwys in jou antwoord na die redes vir die Cavernelis-gesin en Map Jacobs se gevangenisstraf en beoordeel of ontsnapping vir hulle moontlik is. **[25]**

**OF**

### VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

MAP: Na sewe jaar ...

TOMMY: ... Sewe ... Hél ...

MAP: Dis Tommy Sobotker, ja?

TOMMY: 'Is Tommy Sobotker, ja ... Map ... Jacobs ... die einste! Tommy Sobotker ... *(Praat dan vinniger, bewoë amper.) ...* het gehoor, lat jy miskien ... ek mien Johnnie Jacobs, lat hy ytkom ... maar ... Hél, hierso stáán Map Jacobs ... ek mien Johnnie ... hierso staan hy voor my, en ek siet hom moet my eie oë same ... Map Jacobs ...

MAP: Dis ek, ja ...

TOMMY: *(sit sy karretjie neer – dit val eintlik uit sy hande)* So jy's ... by die hys ... *(Oor na Map, en val Map om die hals.)* Jy's by die hys! Map ... Jacobs!

*Stilte.*

TOMMY: Ek het ... gedink, well, ek siet jou só lank nie weer nie … Ek het … daar gesit destyds in die koort, die hele tyd … en toe hulle jou, well, sentence, die dag ... twaalf jare … ek het my asem opgehou ... ek siet jou só lank nie weer nie, dink ek ... en hierso … hierso staan ... Map Jacobs van Antie Grootmeisie ... Hél ...

MAP: Okay, Tommy!

TOMMY: Welcome by die hys, man! *(Hy vee oor sy oë.)* ... It's so nice to ... see you ... Jy remember mos vir Tommy

| | |
|---|---|
| | Sobotker!? Lyk't alles darem nog dieselfde hier? Jy lyk nog ... amper dieselfde, ek mien ... *(Hy vat aan Map, aan die tatoeëermerke op Map se arms.)* ... Jy's Map, ja ... ôldou hulle't vir my ge-vertel, jy't ge-change oek daarso binnekant … Innie ... |

13.1 Met die lees van die drama word na Map Jacobs as Johnnie verwys.

13.1.1 Hoekom verwys Tommy op TWEE maniere na dieselfde karakter? (1)

13.1.2 Watter tema van die drama kan ons uit die gebruik van die twee name vir een karakter aflei? (1)

13.2 In reël 2 verwys Tommy Sobotker na die syfer sewe. Gee VIER voorbeelde van sewe as simbool in die drama. (4)

13.3 *lat hy ytkom* (reël 7)

13.3.1 Na watter ruimte verwys hierdie frase en waarom het Map hom in hierdie ruimte bevind? (2)

13.3.2 Was Miss Africa se invloed op Map in hierdie ruimte positief? Motiveer jou antwoord met TWEE redes uit die drama. (2)

13.4 Map het verantwoordelikheid vir die aand se gebeure geneem.

Wie moes ook verantwoordelikheid vir die gebeure geneem het? (3)

13.5 In reël 22–28 kom Tommy as die vergewensgesinde/vredemaker voor.

Teenoor watter ander karakter het Tommy ook so opgetree? Noem die voorbeeld daarvan uit die drama. (2)

13.6 Herlees reël 27–28.

Op watter DRIE wyses is Map se *change* in sy optrede na sy vrylating sigbaar? (3)

**EN**

**TEKS 2**

| | |
|---|---|
| CAVERNELIS: | Hulle kan gaan ... kan gaan …! |
| MAUD: | Moenie so praat nie, Cavernelis-darling! ... Petticoats en panties! *(Lag en lag.)* |
| CAVERNELIS: | Wat ek doen is my eie besigheid, ek moveer hulle nie! |
| MAUD: | Maar hulle moveer vir jóú, my dear! |
| | *Die lagbui woed uit en Maud lyk moeg.* |
| CAVERNELIS: | Hulle ... Hulle ... Die ... |

| | |
|---|---|
| MAUD: | Don’t swear, Cavernelis-darling! Dit pas nie by jou nie ... |
| CAVERNELIS: | *(bars uit)* Hulle ... gat, Maudie! Hulle ... hulle gat, sê ek! |
| MAUD: | Maar ek het gesê: don't swear! |
| CAVERNELIS: | Die vuilgoed! *(Lyk hulpeloos. Wil huil.)* |
| MAUD: | *(vee oor haar oë)* Éét, Cavernelis-darling, the curry is nice, ’is 'n special massala wat ek by Baroedien-hulle gekry het, missies Baroedien sê sy use dit in haar eie curry, en ek weet mos peas-curry is jou favourite kos ... |
| CAVERNELIS: | Ek is jammer, Maudie ... |
| MAUD: | Not to worry, Cavernelis-darling ... Cheer up! Cheer up!! |
| CAVERNELIS: | Dis goed so, Maudie ... |
| | *Hy kom orent. Dan, skielik, huil sy.* |
| CAVERNELIS: | *(rêrig ontstel)* Maar ek sê mos dis goed so ... *(Hy staan 'n ruk lank hulpeloos rond.)* Ek gaan dan maar weer, Maudie ... |
| MAUD: | Jy gaan dan maar weer ... |
| CAVERNELIS: | Ja, Maudie ... |
| MAUD: | *(hulpeloos)* Jy ... gaan dan maar weer ... |
| | *Dan is Cavernelis op die klein platform bo, waar hy die "suitcase" met die "soft goods" agter op die fiets vasmaak. Hy maak die fiets van die tralies af los, ...* |

13.7 Herlees die toneelaanwysings in reël 3.

13.7.1 Maud se lag is vir Cavernelis onaanvaarbaar.

Motiveer hierdie stelling. (1)

13.7.2 Watter gevoel toon Maud met haar lag? (1)

13.8 Noem DRIE redes uit die drama waarom die ander karakters vir Cavernelis motiveer. (3)

13.9 Lewer kommentaar op Cavernelis se taalgebruik op die Kaapse Vlakte. (1)

13.10 Herlees reël 25–29.

Het jy simpatie met Maud en Cavernelis? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL**

***MIS* – R de Wet**

Miem en Gertie is tot lewenslange (figuurlike) gevangenisstraf gevonnis.

Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van 400–450 woorde deur na die sirkus (-liggies) te verwys, hoe omstandighede tot Miem en Gertie se tronkstraf bydra en beoordeel die aktualiteit van die gevangenisstraf in hierdie drama. **[25]**

**OF**

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MIS* – R de Wet**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Konstabel Van der Riet. Ek ken nie so 'n konstabel nie. |
| KONSTABEL: | Ek weet, Mevrou. Ek kom van elders. Deel van die ontplooide waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees. |
| | *MIEM, MEISIE EN GERTIE kyk na mekaar.* |
| MIEM: | Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet 'n mens versigtig wees. *(Loer deur die sleutelgat)* Dis waar! Hy is 'n konstabel. Dis hoekom Wagter nie geblaf het nie! |
| | *GERTIE loer ook deur die sleutelgat.* |
| GERTIE: | *(bewonderend)* Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou. |
| MIEM: | Net 'n oomblik, Konstabel. Ek sukkel 'n bietjie met die slot. *(Sluit die deur oop)* So ja. *(Maak die deur oop)* Kom gerus binne. |
| | *Die KONSTABEL kom binne. Hy dra 'n ronde donkerbrilletjie en 'n helm. In die een hand hou hy 'n wit kierie vas en in die ander 'n groot leersak of 'Gladstone bag'. Daar heers 'n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aankyk. Deur die oop deur kan die sirkusmusiek gehoor word.* |
| KONSTABEL: | *(na 'n stilte. Glimlag)* Soos u kan sien, is ek heeltemal blind. En u vind dit ontstellend. Hoe kan ek 'n ogie oor u hou as ek niks kan sien nie? |

15.1 Herlees reël 2–4.

In hierdie reëls voer konstabel aan dat hy daar is om die dames te beskerm. Wat is die werklike rede vir sy besoek? (1)

15.2 Waarom moet *'n mens vannag versigtig wees* (reël 6–7)? (1)

15.3 Herlees reël 6–8.

Hoekom is Miem bly dat Konstabel opdaag en hoe weerspreek hierdie woorde Miem se karakter? (3)

15.4 Gertie bewonder die vreemde man. Hoekom dink jy doen sy dit? (2)

15.5 Miem het die rol van die vader in die huis oorgeneem.

Watter handeling in die uittreksel ondersteun hierdie stelling? Wat het van die pa geword en wat was die oorsaak daarvan? (3)

15.6 Waarom is dit noodsaaklik dat die sirkusmusiek met die koms van die konstabel gehoor word en hoe sluit sy koms by die tema van die drama aan? (2)

15.7 Herlees reël 7.

Wat stel Miem gerus dat daar wel 'n konstabel voor die deur is? (1)

**EN**

**TEKS 2**

| | |
|---|---|
| GERTIE: | ... En dit sou alles te wyte wees aan al die gewillige en dapper geregsdienaars. (*Giggellaggie)* Soos u. *(Kort stilte)* Wat van 'n koppie koffie, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Nee, baie dankie. Ek het heeltemal genoeg gehad. |
| GERTIE: | Iets om te eet? |
| KONSTABEL: | Nee, dankie, Juffrou. |
| | *Kort stilte.* |
| GERTIE: | Konstabel, ek wil graag iets vra. Ek hoop u gee nie om nie. |
| KONSTABEL: | Vra maar gerus, Juffrou. |
| GERTIE: | As dit te ... persoonlik is, sal ek heeltemal verstaan. |
| KONSTABEL: | Wat is dit wat u wil weet? |

GERTIE: Wel ... u het gesê alle dames lyk vir u dieselfde sedert u ... ongeluk. Óf na u ma óf na u tante.

KONSTABEL: Tant Hannie

GERTIE: Dis reg, ja. *(Maak keel skoon)* Nou wat ek graag wil weet, is ... na wie ek lyk.

KONSTABEL: Tant Hannie. Sonder twyfel.

GERTIE: En hoe maak u nou weer die keuse? Ek bedoel tussen u moeder en tant Hannie, as ek haar so mag noem?

KONSTABEL: Sekerlik, Juffrou. Dit is die stem. Dit hang alles van die stem af.

GERTIE: Werklik? Hoe interessant. *(Kort stilte)* Sal u my asseblief tog so 'n ietsie van hierdie tant Hannie vertel?

KONSTABEL: Sy is nooit getroud nie. Sy was beeldskoon, maar veels te kieskeurig.

GERTIE: My aarde. Ons klink nogal baie eenders.

15.8 Hoe sluit Gertie se giggellaggie (reël 2) by haar woorde in reël 1–2 aan? (1)

15.9 Hoe verander die woord *gerus* (reël 10) die stemming wat tot nou toe geheers het? (1)

15.10 Wanneer vind die ommekeer (volgens die dramatiese struktuur) in dié drama plaas? (1)

15.11 In Teks 1 sowel as Teks 2 is daar ironiese verwysings na die Konstabel.

Haal die woorde uit elke teks aan wat op ironie dui. (2)

15.12 Watter optredes van Gertie direk na dié uittreksel staan lynreg teenoor Gertie se gewone optrede? Motiveer waarom Gertie só optree. (3)

15.13 Konstabel pas baie goed in die rol as bevryder.

Noem TWEE karakters wat hy bevry en motiveer die geloofwaardigheid daarvan by beide karakters. (4)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou